# JOHANNESBURG EAST DISTRICT

## DISTRIK EKSAMEN

## GRAAD 11

**HUISTAAL**

**VRAESTEL 3**

**NOVEMBER 2013**

PUNTE: 100
TYD: 2 ½ UUR

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS HUISTAAL
GRAAD 11 NOVEMBER 2103 EKSAMEN
VRAESTEL 3

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

**INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
   AFDELING A: Opstel. (50 PUNTE)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste. (2 X 25 PUNTE)

2. Beantwoord EEN vraag uit Afdeling A en TWEE vrae uit Afdeling B.

3. Nommer die skryfstukke wat jy kies korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Voer die opdragte, by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.

5. Die uiteensetting van jou skryfstukke is baie belangrik. Jy moet elke skryfstuk op 'n NUWE DUBBELBLADSY begin.

   5.1. Doen die beplanning/redigering op die linkerkantste bladsy.

   5.2. Skryf die woorde FINALE PRODUK aan die regterkantste bladsy.

   **VOORBEELD:**

| | **LINKERBLADSY**<br><br>**BEPLANNING/REDIGERING**<br>**<u>Kan</u>** só lyk<br>  <br><br>Jy kan dan op die bladsy jou foute vebeter / wys voordat jy die stuk oorskryf. | | **1.2.** | **REGTERBLADSY**<br><br>**FINALE PRODUK**<br><br>Byvoorbeeld:<br><br>**Die sokkerwêreldbeker** | |
|---|---|---|---|---|---|

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies EEN vraag en skryf 350 – 400 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1. *Van lekker lag*
*kom lekker huil*

**OF**

1.2. My lewe in ‘n plakboek

**OF**

1.3. **Geniet die klein dingetjies in die lewe; eendag kyk jy dalk terug en besef dis dié dinge wat saakgemaak het.**

**OF**

1.4. *In my sak…*

**OF**

1.5. Hongersnood is **almal** se probleem.

**OF**

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS HUISTAAL
GRAAD 11 NOVEMBER 2103 EKSAMEN
VRAESTEL 3

Kies EEN van die volgende visuele tekste. Laat jou gedagtes gaan en skryf **ENIGE LANG OPSTEL** daaroor.

1.6.1.

**OF**

1.6.2.

**OF**

1.6.3.

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

## VRAAG 2

• Kies TWEE vrae en skryf 180 – 200 woorde oor die onderwerp.

2.1. **Informele verslag**

Jy was deel van die paneel wat die matriekafskeid vir die graad 12 leerders gereel het. Skryf 'n INFORMELE VERSLAG vir hulle matriekgedenkbundel oor die aand. 25

**OF**

2.2. **Resensie**

'n Nuwe laserskyf (CD), spesiaal gemik op agttiende verjaardagpartytjies het pas verskyn. Jy besluit om vir *JIP* ('n tienerbylaag van *Beeld*, *Die Burger* of *Volksblad*) 'n RESENSIE oor dié laserskyf te skryf. 25

**OF**

2.3. **Brief aan die pers**

'n Mens lees gereeld in koerante hoe onverantwoordelik tieners by partytjies optree. Skryf 'n BRIEF AAN DIE PERS waarin jy jou standpunt oor dié kwessie duidelik stel. 25

**OF**

2.4. **Dialoog**

Elke skool het 'n onderwyser wat strenger is as die ander onderwysers. Jy het 'n skoolreël oortree. Skryf die DIALOOG tussen jou en dié onderwyser. 25

**OF**

2.5. **Memorandum**

Jeugbendes teister jou omgewing. Skryf 'n MEMORANDUM aan die lede van die buurtwag om hulle in te lig oor moontlike verdagtes, hulle wyse van optrede en wat jou te doen staan as jy hulle in die omgewing opmerk. 25

**OF**

2.6. **Formele Toespraak**

Jy is gevra om die Graad 9 leerders toe te spreek oor VAKKEUSES vir Graad 10. Skryf jou volledige TOESPRAAK neer. 25

**TOTAAL AFDELING B: 2 X 25 = 50**
**VRAESTEL TOTAAL 100**